## Les 30 GOD SORG VIR SY KINDERS DEUR OUERS SE VERHOUDINGS MET ANDER MANS EN VROUENS, NIE TE LAAT WERK NIE

### 1. Hersiening

Verlede keer het ons gesien die Here se belofte om vir Sy kinders te sorg, is ’n belofte wat nooit ophou om te werk nie. Die Here se belofte om ook vir kinders, kleinkinders en agterkleinkinders, tot in die duisendste geslag te sorg, klink só: *“[7] Ek bring ’n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is ’n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag.”* (Gen.17)

Ons het ook gesien dat een van die maniere waarop die Here vir Sy kinders sorg, is om hulle pa’s en ma’s só vas aan mekaar te bind, dat hulle een is. Hulle kan nooit uitmekaar gaan sonder om te breek nie. Hoekom die Here hulle só vas aan mekaar bind, is omdat die Here kinders met ’n onverbreekbare band aan hulle ouers vasbind. Daarom moet die Here die ouers óók só aan mekaar vasbind dat die kinders altyd ouers sal hê. Nog ’n ander manier waarop die Here vir Sy kinders sorg, is soos met Jesus self: omdat Hy nie sy eie pa gehad het nie, gee die Here vir Hom ’n aanneem-pa.

### 2. Josef se oupa- en oumagrootjie glo nie die Here kan vir hulle sorg nie

Abraham en Sara was Josef se oupa- en oumagrootjie. Ons het gesien dat die Here vir Abraham gesê het God sal vir hom sorg. Hy kan maar uit sy eie land wegtrek na die land wat die Here vir hom sal wys. Orals het die Here gewys Hy kan vir Abraham sorg.

Maar Abraham en Sara het nie altyd geglo dat die Here orals en altyd vir hulle kan sorg nie. Kyk wat sê Abraham vir koning Abimeleg: *“[11] Toe het Abraham gesê: “Ek het gedink hier is niemand wat vir God dien nie en die mense sal my doodmaak oor my vrou.”* (Gen.18) Hulle het geglo dat, omdat al die ander mense nie die Here geken en gedien het nie, die Here nie vir hulle kan sorg nie.

En Abraham se vrou Sara was baie mooi. Daarom was Abraham bang dat die mense hom sou doodmaak om sy vrou te kan vat.

### 3. Josef se oupa- en oumagrootjie glo nie die Here het hulle vasgebind nie

Kyk wat doen hulle omdat hulle nie glo die Here kan vir hulle tussen vreemde mense sorg nie*: “Abraham het van Mamre af weggetrek na die Suidland toe en hom tussen Kades en Sur gaan vestig. Toe hy op ’n keer in Gerar gewoon het, [2] het hy voorgegee sy vrou Sara is sy suster. Koning Abimelek van Gerar het haar toe laat haal om met haar te trou.”* (Gen.18)

Abraham en Sara is in ’n vreemde land waar mense vreemde gode aanbid, en nie die Here nie. Hierdie vreemde mense waartussen hulle bly, kan hulle maklik

seermaak as hulle wil. Abraham en Sara  maak daarom asof hulle broer en suster is, en nie man en vrou nie.

Die koning van die land het gesien hoe mooi Sara is en toe vra hy om met Sara te trou. Toe is Abraham en Sara in groot moeilikheid. Want hulle is man en vrou, maar hulle het gedink hulle kan sommer maak asof hulle broer en suster is. Maar as die koning dan sê hy wil met Sara trou, dan mag hulle nie nee sê nie, want hy is die koning van hierdie vreemde land waarin hulle as vreemdelinge bly.

Abraham en Sara het nie geglo die Here het hulle só vasgebind as man en vrou dat hulle een is nie. Hulle het gedink hulle kan sommer so maklik besluit hulle is nie meer aan mekaar vasgebind nie. Hulle het geglo hulle het sommer hulleself aan mekaar vasgebind, en daarom kan hulle mekaar ook sommer maklik weer los. Maar dit is die Here wat 'n pa en ma aan mekaar vasbind om ouers vir kinders te wees. Dit is nie sommer iets wat mense kan maak en losmaak soos hulle wil nie.

**4. Josef se oupa- en oumagrootjie stel hom in gevaar**

Toe die Here beloof het Hy sal vir Abraham en Sara en hulle nageslag God wees en vir hulle sorg, het die Hy tóé al belowe Hy sal vir Abraham en Sara 'n seun Isak gee, vir Isak 'n seun Jakob gee, en vir Jakob 'n seun Josef gee. Al het Abraham en Sara nie geweet wie hulle kinders, kleinkinders en agterkleinkinders gaan wees nie, het God al klaar geweet hoe Hy hulle gaan maak en vir hulle gaan sorg.

Só! Toe die Here Sy belofte aan Abraham en Sara gemaak het, het die Here al geweet dat Hy Josef gaan maak. Toe het die Here al geweet hoe om te sorg vir Josef, al was Josef se eie oupa nog nie eens gebore nie. Só ver vooruit beplan, werk, sien en sorg die Here vir Sy kinders.

Wat maak Abraham en Sara nou? Nou stel hulle hul agterkleinkind se kans om gebore te word en te leef, in gevaar! As Sara met hierdie koning trou, gaan daar nie eers 'n agterkleinkind soos Josef wéés nie. Daarom stel hulle die Here se plan met Josef as hulle agterkleinkind, in gevaar.

**5. God laat die verhouding tussen die koning en Sara, nie werk nie**

Nog 'n manier waarop die Here vir Sy kinders sorg, is om verhoudings van pa's en ma's met ander mans en vrouens, nie te laat werk nie.

Abraham en Sara is man en vrou. Nou wil die koning met Sara trou sodat hulle twee man en vrou kan word. Kyk wat doen die Here:

3 *Een nag het God in 'n droom aan Abimelek verskyn en vir hom gesê: "Jy gaan sterf omdat jy met hierdie vrou wil trou. Sy is al getroud."* 4 Abimelek *... het gesê: "Here, sal U selfs 'n onskuldige nasie uitroei?* 5 *Abraham het dan self vir my gesê: 'Sy is my suster.' En sy het self gesê: 'Hy is my broer.' Ek het dit onskuldig en sonder slegte bedoelings gedoen."*

[6]*Toe het God vir hom in ’n droom gesê: “Ja, Ek weet dat jy dit onskuldig gedoen het. Daarom het Ek jou daarvan weerhou om teen My te sondig en het Ek jou nie toegelaat om aan haar te raak nie.* [7]*Gee nou die vrou terug aan haar man.”* (Gen. 18)

Die Here praat met ’n koning wat nie eens in Hom glo nie, en ander afgode aanbid. Die Here wys vir hierdie koning dat hy gaan sondig as hy met Abraham se vrou trou, en dan gaan die Here sorg dat hierdie koning en sy nasie gestraf word.

Dit is nie sommer ’n ligte dreigement van die Here, wat nie sal gebeur nie. As die mense hoor dat die koning sommer met ’n ander man se vrou getrou het, sal hulle hul respek vir hom verloor, en hulle sal nie meer na hulle eie koning luister nie. Meer nog, dan is hulle ’n swak volk vir wie ander volke sommer maklik kan doodmaak. Want hulle luister nie meer na hulle eie koning nie en hulle kan daarom nie meer saamstaan om hulleself te verdedig nie.

Die Here praat met, en waarsku nie nét mense wat in Hom glo nie. Die Here is die Here van álle mense. Daarom waarsku Hy álle mense om nie sonde te doen nie. Ook vreemde konings in vreemde lande luister na die Here as Hy met hulle praat. Die Here beskerm en bewaar ook vreemde konings en volke wanneer hulle na Hom luister.

Dit het Abraham nie geweet of geglo nie.

God maak dat ander mans en vrouens se verhoudings met pa’s en ma’s, nie kan werk nie. God is elke dag besig om sulke verhoudings nie te laat werk soos mense dink hulle dit sommer so gou-gou kan laat werk soos húlle wil nie.

Dit is hoe die Here sorg vir die kinders, kleinkinders en agterkleinkinders aan wie Hy belowe het om vir hulle God te wees. Dit is hoe God vir Josef gesorg het. Hy het gekeer dat die verhouding tussen sy oumagrootjie en die koning werk.

Dit is hoe die Here vandag ook nog besig is om vir Sy kinders te sorg: Hy maak dat pa’s en ma’s se verhoudings met ander mans en vrouens, nie kan werk nie. Hy bind ’n pa en ma só vas aan mekaar en hulle kinders, dat hulle een is. Daarom laat God nie toe dat ander mense só een kan wees soos kinders, pa’s en ma’s nie.

**6. God is die Here wat vreemde konings gebruik om vir Sy kinders te sorg**

Wat dink julle gaan die koning nou met Abraham en Sara doen? Hulle het amper gemaak dat die koning ’n verskriklike sonde doen. Hulle het amper gemaak dat die koning se mense hom nie meer as koning wil hê nie. Hulle het amper gemaak dat die mense van die land swak sou word, en deur ander volke doodgemaak sou kon word!

Kyk wat doen die Here: "[8]*Die môre vroeg het Abimelek sy amptenare geroep en alles vir*
*hulle openlik vertel, en hulle het baie bang geword.* [9]*Hy het vir Abraham geroep en vir hom*
*gesê: "Wat het jy ons aangedoen? Wat het ek aan jou gedoen wat verkeerd is dat jy hierdie*
*groot ellende oor my en my koninkryk gebring het? Wat jy my aangedoen het, is*
*onbehoorlik."* [10]*Verder het Abimelek vir hom gesê: "Wat het jou besiel om so iets aan te*
*vang?"* [12]*"Sy is regtig my suster: sy is my pa se dogter, maar nie my ma s'n nie. Ek is met*
*haar getroud.* [13]*Toe God my uit my vaderland laat wegtrek het, het ek vir haar gesê: Jy kan*
*wys dat jy my liefhet deur op elke plek waar ons kom, van my te sê: Hy is my broer."*
[14]*Abimelek het toe kleinvee en grootvee, slawe en slavinne gevat en vir Abraham gegee en*
*Sara ook aan haar man teruggegee.* [15]*Toe sê Abimelek vir hom: "My land lê oop voor jou.*
*Bly net waar jy wil."(Gen. 20)*

Wat doen die koning nadat hy met Abraham en Sara geraas het? Kyk weer na die laaste sin: "[15]*Toe sê Abimelek vir hom: "My land lê oop voor jou. Bly net waar jy wil."*

Hoekom maak hierdie vreemde koning só? Want dit was wat die Here vir hom gewys het om te doen, en dit is die Here wat Abimeleg gehelp het. Daarom is die koning nou goed vir Abraham en Sara, al het hulle hom bedrieg en amper in verskriklike moeilikheid laat kom.

Abraham het nie geglo die Here kan só met 'n vreemde koning praat dat hierdie koning na Hom sal luister nie. Die Here kán met so 'n koning praat en nog steeds sorg dat so 'n koning goed is vir Sy kinders, al is hy verskriklik kwaad vir hulle.

Daarom kan pa's en ma's weet dat God altyd vir hulle kan en sal sorg. Hulle hoef nie uitmekaar te gaan omdat hulle nie meer glo die Here kan vir hulle sorg nie. En wanneer hulle ongelowig is, sal God nog steeds vir hulle sorg. Ook in vreemde lande met vreemde konings. Want dit is hoe die Here beloof het Hy vir Josef sal sorg. Hy sal sy oupa- en oumagrootjie bewaar, sodat die Here eendag vir Josef ook God kan wees.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________

Handtekening: ouer of voog